

17 Desember

Skrifgedeelte (1953-vertaling): Lukas 1:46-56

Fokusgedeelte: Lukas 1:47 en 48

Verlossingsvreugde juis vir nederiges

In hierdie pragtige lofsang van Maria lees ons van verlossingsvreugde. Verlossingsvreugde word geplaas in 'n raamwerk van teëstellings. Telkens word die uitdrukking “nederiges” gebruik (of “geringes” soos in die 1983-vertaling). So kom die teëstelling met nederiges na vore in vers 52: “... Maghebbers het Hy van trone afgeruk en nederiges verhoog.”

Dieselfde patroon kom in hierdie Skrifgedeelte en fokusverse voor. In vers 46 staan: “Ek besing die grootheid van die Here ...” en in vers 48: “... omdat Hy na my in my nederige staat omgesien het.” Hierdie teëstelling betrek die hemel en die aarde: God se grootheid en Maria se nederigheid word teenoor mekaar gestel. Dit sou sekerlik te sterk vertaal wees om hier te praat van 'n toestand van vernedering, tensy ons dit wyer verstaan, naamlik as vernedering omdat ons onself verneder het in die paradys.

Die punt van belang hier is dat verlossingsvreugde juis gerig word op 'n geringe, nederige jongvrou en dat sy in 'n loflied uitbreek uit haar hart: vreugde uit die hemel oor wat gebeur op aarde.

Die Bybel verag nie rykdom en verheerlik ook nie armoede nie, ook word mense in prominente posisies nie hoër geag as mense wat gewone take verrig nie. Tog is dit opvallend dat dwarsdeur die Bybel sprake is van geringes en nederiges. Hulle het 'n plek in God se hart. Hy “sien na hulle om”, in Maria se woorde.

So is die wyse waarop God werk dwarsdeur die Bybel heen – daar is 'n fokus op nederiges en geringes, op mense soos Maria, Josef, die ander Maria of 'n man met 'n doring in die vlees.

Kersfees is geen tyd om minderwaardig te voel nie. Dit is 'n tyd om nederig te lewe. Want dit is 'n fees van verlossingsvreugde – juis vir nederiges en geringes.

Sing: Skrifberyming 4-1:1, 3, 6

Prof CJH Venter (Emeritus)